# BRITS DEFENSIVE PISTOL CLUB

**GOVERNING BODY : SOUTH AFRICAN NATIONAL DEFENSIVE PISOL ASSOCIATION**
**(GOVERNING BODY ACCREDITATION : SAPS 1300029)**

## NOTULE VAN ALGEMENE JAAR VERGADERING GEHOU OP 08 APRIL 2016

1. Opening
   Santie doen verwelkoming.
   Hanteer teenwoordigheid deur rooster om te stuur wat geteken word. Verskoning word aangebied vir lede nie teenwoordig – name soos per die agenda uitgegee. Lede wat nog oppad is na vergadering: Juan, Vincent, Renier, JP.

2. Proxy
   Rubert Reineke (3439) & Marista Reineke (3440) gee toestemming aan Bertus Reineke (3083) om vir hulle in te staan.

3. - Klub het gegroei van 04 lede in Oktober 2015 na 24 lede soos aangeteken op 08 April 2016,
     waarvan 06 lede offisiële "SO"'s is.
   - Daar is weer 'n skiet op 16 April – A.g.v. van Michiel & Santie se betrokkenheid by Huntex, en die ander SO's wat nie beskikbaar is vir die dag nie, is Werner die enigste SO aan diens. Oom Chris & & Oom Roelof bied aan om te help. Santie sal ook kyk wie van ander klubs sy gereël kan kry om te kom help.
   - Dankie aan:
     a. Gerrie – bou van trappie by klubhuis
     b. Oom Chris – skoonmaak rondom die "hot box" area

4. Baan & klubhuis:
   - Idees vir "hot box":
     Om "precast" blaaie te kry en hot box daarmee te bou. Voorstel word gemaak dat M6 blokke moontlik ook kan werk & goedkoper kan uitwerk as precast mure. Gerrie & Oom Roelof sal koppe bymekaar sit om plan te beraam.
   - Reeds gedoen:
     a. Klubhuis is beskikbaar gestel deur Jannie. Klubhuis is skoon & netjies, alle pype vir badkamer is herstel. Toilet & handewasbak werk goed. Alle benodighede vir badkamer is in. Kort nog net 'n spieël. Marinda bied aan om een te bring.
     Binne in huisie is kaste wat Jannie se eiendom is & hy ter enige tyd dit kan kom uithaal vir gebruik. Michiel het tender by TUT ingesit vir ons vir staal kaste.
   - Beplanning op skietbaan:
     a. Projek aanpak om baan van so 'n aard te kry dat walle nie insak nie. Voorstelle word gevra. Daar is 2 kontakte vir 13 duim bande. Bande gaan gebruik word vir walle.
     b. Spreiligte opsit vir aandskiet. Verskeie voorstelle word gemaak. Juan is bereid om by te dra vir spreiligte & kabels sodat skiet in die week ook kan plaasvind, veral vir wie dit moeilik is om oor naweke die skiet by te woon.
     Moontlike skenkings & hulp word verkry van:
     - Juan – koop van kabel
     - Werner – kyk of hy vir ons 'n paal in die hande kan kry
     - Oom Roelof – sal laat weet wat hy kan reël vir 'n lig
     - Phillip het ook hulp aangebied in die verband

c. Ketting & slot om hek – het goedkeuring van Jannie gekry om ons eie slot & ketting om hek te sit wat aan sy slot koppel. Ons maak gebruik van agterste hek & parkering. Daar word geensins voor Jannie se huis verby gery & op grasperke parkeer nie. Klein probleempie- slotte pas nie so lekker in mekaar nie, maar 'n oplossing sal wel gemaak word.
d. Daar was reeds 2 klubshoots gehou. Kan nog nie kyk na liga aanbied nie omdat ons nog net 1 baan tot ons beskikking het & jy ten minste 4 bane daarvoor benodig. Ideaal is om nou 'n 2de baan op die been te bring. Die 2de baan moet egter eers skoongemaak word & ons hot box moet in plek kom.
Die tuinvullis in die 2de baan moet verwyder word. Juan maak voorstel dat ons dit op 'n hoop sit met grond & kompos daarmee maak wat ons kan gebruik vir grasplant. Als moet steeds netjies gehou word & kan nie sommer net enige plek gegooi word nie.

5. Webverf gebruik:
   - Daar is beplanning om die program op webwerf aan te pas vir DMG reëls & regulasies. Program is verbruikersvriendelik & elkeen kan inlog om te registreer vir klubshoots & inligting te bekom. Meer foto's & videos van skietdae moet op werf se gallery geplaas word – is in proses daarmee.
   - Daar is 'n SADPA "yahoo" groep gestig om inligting oor alle klubs & klubskiet dae deur te gee. Elkeen kan by hierdie groep aansluit om sodoende inligting te ontvang.
   - Nuwe SADPA webwerf is ook aanlyn vir lede se gerief. Lede word versoek om hierna te kyk, aangesien alle toekomstige Toegewyde Sport Aansoeke en Endorsemente deur die SADPA webwerf aangevra gaan word.
   - IDPA is al in ongeveer 52 lande.

6. Safety & training:
   - Daar is laksheid van veiligheid by lede. Veiligheidsreëls moet strenger toegepas word, selfs met gewone klubskiet dae. Reëls word vir elkeen deurgegee met 'n NSO, so elke skut weet wat dit is.
   - Klub het reeds 6 SO's wat 'n goeie ding is. Laat ons dus met 3 skuts per SO. Santie wil egter graag nog SO's kry sodat ons genoeg SO's nog teenwoordig het op 'n skietdag as van die bestaande SO's nie beskikbaar is nie. Daar word 'n SO kursus aangebied op 14 & 15 Mei by die Cecil Pane Range in Jhb. Santie maak voorstel van wie sy dink kursus kan bywoon. As ons 6 & meer persone kan kry om die kursus by te woon, is die aanbieder bereid om die kursus by die klubhuis te kom hou.
     Die wat belang stel moet 'n briefie aan Santie stuur waar hulle "aansoek" doen om 'n SO te word – basies net 'n kort beskrywing waarom jy dit wil doen. Hierdie aansoek word eers deur klub exco goedgekeur & dan na SADPA deurgegee.
   - Elke klublid moet sy SADPA nommer leer & ken. Dit vergemaklik net alles.

7. Equipment & logistics:
   - Werner help baie met toerusting – baie dankie. Ons het redelik baie teikens & patches al opgebou & aangekoop. Kort nog kleie vir haelgeweer skiet. Marinda bied aan om kwotasie te kry.

- Teikens & benodighede moet vanaf SADPA verkry word & vervoer om van tyd tot tyd te ry & te gaan haal is 'n probleem. Daar is 'n voorstel om dan eerder te bestel & van 'n koerierdiens gebruik te maak. Marinda bied aan om versending te hanteer.

8. Finansies:
   - Daar is 'n voorstel gemaak om Marinda aan te stel om finansies saam Santie te hanteer. Voorstel word aanvaar.

9. SO compensation:
   - Voorsiening moet gemaak word vir SO's wat werk op 'n skietdag. 'n Ietsie te ete & drink sal gratis aan hulle gebied word (2 botteltjies water/koeldrank & 'n middagete)
   - Voorstel: aangesien alle koste vir SO's dan uit klub se sak moet kom, is voorgestel dat die werkende SO net die baanfooie van R40.00 vir die dag sal betaal. Voorstel word aanvaar deur almal teenwoordig.

10. Advertensie:
    - Voorstelle & hulp word gevra oor hoe ons klub kan adverteer. Daar word reeds by verskeie plekke plakkate op gesit. Ons facebook blad werk ook goed. Enige publisiteits idees kan aan Santie gegee word.
    - Juan stel voor dat ons in ons onmiddelike woonareas mense moet bewus maak & blootstel aan ons klub – hulle uitnooi om te kom sien wat ons doen, sodoende bemark ons die klub & help met veiligheid in omgewings.

11. Skiet by ander klubs
    - Ander klubskiet byeenkomste kan ook bygewoon word. Reëlings kan getref word dat ons as groep gaan. Sekere klubs pas reëls toe soos hulle wil wat dit somtyds moeilik maak en deur ander klubs se skiet geleenthede by te woon, sal ons meer ondervinding opdoen as 'n nuwe klub.

12. Shooter of the year
    - Daar is voorgestel om jaarliks 'n "shooter of the year" aan te wys, veral met die oog op ons junior skuts. Dit word nie noodwendig bepaal volgens punte nie, maar wat die persoon sy bywoning & vordering ook was asook hulpvaardigheid & houding.
    - Voorstelle & idees is welkom.

13. Uitrustings
    - Daar is verskeie voorstelle vir hempde
    - Beramings is gedoen van 'n gholfhempie wat borduur word – R160.00 per hemp & R65.00 per hoedjie
    - SO se hemp sal helderder kleure wees as klublid sin sodat hulle kan uitstaan.
    - Voorstel vir 'n kleurvolle & sportie-effek sublimasie drukwerk hempie.
    - Hulp met pryse & voorbeelde sal welkom wees
    - Daar is reeds klubhoedjies beskikbaar
    - Klub "badge" word bespreek & ander voorstelle word gegee, soos om van studente gebruik te maak om badge te ontwerp

14. Frontier Bullet Special offer
    - Terugvoering sal nog gegee word. Michiel & Santie probeer vir ons reël om as klub benodighede vir herlaai goedkoper te kry.

Elkeen word weereens bedank vir sy bywoning & vergadering word verdaag.